iwrm water & development

EMERGING SUSTAINABILITY IWRM NEWS

April 2009 – Volume 1, Number 4 – Page 1

iwrm ... water & development

Cederberg Opkomende Boere Forum – Mondstuk vir die streek se beginnerboere

Hendrik Janse skryf ... Die Cederberg Opkomende Boere Forum het sy naam te danke aan die streek waarin die organisasie hom bevind, In 2003 is die Forum tot stand gebring en beywer homself om agtergestelde gemeenskappe in staat te stel om hulself te bemagtig by wyse van landbou ontwikkeling deur as mondstuk op te tree.

Die Forum is dus die skakel tussen opkomende boereverenigings en regeringsdepartemente sowel as ander belanghebbende instansies. Opleidingsprogramme en die versekering van die toegang tot water en grond vir opkomende boere is van die Cederberg Forum se aktiwiteite en doelwitte.

Befondsing was ontvang in 2007 in samewerking van die Surplus People Project vanaf die Departement Waterwese en Bosbou en die Deense regering (DANIDA) in die vorm van IWRM (Geintegreerde Waterhulpbron Bestuur) Projek. Die fondse is bestee vir die opleiding van die opkomende boereverenigings om effektief deel te neem aan waterverwante instansies en aspekte, asook vir die effektiewe gebruik en bestuur van water. 17 Opkomende boereverenigings het baat gevind hierby.

Opkomende Boere Forums en Geïntegreerde Waterhulpbron Bestuur

Hendrik Janse skryf ... Die DWAF (IWRM Projek Koördineerders), Cederberg Forum, die Matzikama Forum, die DMA Forum, Goedgedacht landbou hulpbron sentrum sowel as die Surplus People Project het hul tot noue samewerking aan die doelwitte van IWRM (Water vir groei en ontwikkeling) ter ondersteuning van die Nasionale Waterwet, met 'n plan van aksie gedemonstreer. Die hoofdoele is die koördinering en bywoning van Projekmoniteeringsvergaderings en Opkomende Boere Forum ledevergaderings, Opkomende Boere Forum (leierskap en lede) kommunikasie en kapasiteitsbou van lede en die monitering van die implementering van die Waterwet om gelykheid te win.

Die 3 Forums het hulself verbind om saam te werk om die doelwitte wat daar gestel is te verwesenlik. Die Opkomende Boere Forums het deur te begin wys dat hul verbind is, gesamentlik n suksesvolle boeredag gehou te Citrusdal op 07 Maart 2009.

BOEREDAG

7 March 2009 - Citrusdal

Top and Mid-Left: Produce for sale from Elandskloof – Many IWRM funded emerging farmer projects took advantage of the occasion to display and sell produce at the Farmer's Day

Mid-Right: Cederberg Municipality Mayor – Mrs Judy Mouton shared some encouraging word s with the participants at the Farmer's Day

Bottom: Wupperthal's Drum Majorette's provided a vibrant display at the Farmer's Day

Special thanks to Cederberg Lodge, centrally situated in Citrusdal, for accommodating the Farmer's Day

Opkomende Boere Forums, Water Gebruikers Verenigings en (IWRM) Geïntegreerde Waterhulpbron Bestuur

Hendrik Janse skryf ... Die Cederberg Forum verseker deesdae dat alle opkomende boereverenigings verteenwoordig is op alle waterverbruikersverenigings binne die Cederberg Munisipale area.
Die Matsikama Opkomendeboere Forum is tans op die LORWUA / WGV verteenwoordig, en ongelukkig is daar nog nie 'n WGV in die DMA streek nie.

Klimaatsveranderings

Aardverwarming, die geleidelike toename in die temperatuur soos wat koolstofdioksied en ander gasse meer van die son se hitte behou, het (wêreldwyd) nuwe onsekerhede gebring.

Aardverwarming is sinoniem met uiterstes. Dit verleng droogtes en bring soms stortbuie wat die uitgedroogde aarde eenvoudig nie kan hanteer nie. Die Kaliforniese Departement van Waterhulpbronne se Direkteur, Lester Snow, sê twee dinge hou hom wakker in die nag: droogte en vloed.

"Dis nie dat droogte die nuwe norm is nie" sê Snow. "Klimaatsverandering bring hoër hoogtes en laer laagtes in terme van watervoorrade."

Opkomende Boere Forums

Visie - om te verseker dat

- Gesonde en sterk Opkomende Boere Forums in die Weskus streek gevestig is,
- Opkomende boere het toegang tot plase en hulpbronne,
- Opkomende boere neem deel aan geïntegreerde hulpbronbestuur in die Weskus
  en dat
- Opkomende boere toegang het tot koöperasies wat dienste aan lede verskaf

Dorcas skryf in hulle maandbrief; "Boeredag 7 Maart 2009: Die Boeredag is 'n geleentheid wat ons kan ontwikkel in 'n **groot fees geleentheid** waar on, ons produkte kan ten toonstel en verkoop, om te wys wat ons beriek het met goeie waterbestuur praktyke en die hulp van DWAF, IWRM en GARC."

Landbou kortkursesse

Training Opportunities with the Department of Agriculture June / Junie 2009

2 – 4 June Vergaderings prosedure / Meeting Procedures (Plek / Place: Clanwilliam)

9 – 12 June Vark Produksie / Pig Production (Plek / Place: Vanrhynsdorp)

22 – 26 June Groente Produksie / Vegetable Production (Plek / Place: Vredenburg / Hopefield)

28 June – 3 July Vergaderings prosedure – Konflikhantering / Meeting Procedures – Conflict Management (Plek / Place: Lutzville)

30 June – 2 July Finansiele bestuur / Financial Management (Plek / Place: Wupperthal)

Kontak vir Ella Bisset om 'n plek te bespreek (021) 950 7229. Mrs Bisset will provide any IWRM project participant with a form that needs to be filled in for the Department of Agriculture. **If your IWRM Project Leader motivates for the travel costs of your participation to be funded from the IWRM project funds, this can be considered – paperwork needs to be faxed to 023 347 0336 please.** Accommodation is provided by the Department of Agriculture at or near the learning site. **Dates may change depending on the number of participants, course logistics and service provider's arrangements – please remain flexible in this regard**

KONTAK
Departement Waterwese
IWRM Nuusbrief Redakteur:
Nolitha Zuzani 021 9507274
IWRM Community Development Officer:
Ella Bisset 021 9507229